KUNSMATIGE INSEMINASIE

Die Kunsmatige Inseminasie Vaardighede Program bestaan uit die volgende eenheidstandaarde:

US 116107	Identifiseer basiese teelpraktyke vir plaasdiere
US 116215	Pas basiese kunsmatige inseminasiepraktyke toe

Die inhoud van die kursus is saamgestel volgens die spesifieke uitkomste, beoordelingsmaatstawwe en eenheidstandaarde is noodsaaklike ingeboude kennis

Identifiseer basiese teelpraktyke vir plaasdiere (US 116107)

1. Identifiseer staande oestrus by vroulike teeldiere waar dit van toepassing is:

- Die teeldiere moet op die regte manier benader word volgens die spesifieke riglyne.
- Tekens van oestrus word uitgeken en beskryf in ‘n groep vroulike teeldiere.
- Tekens van enige abnormale gedrag by die vroulike teeldiere word uitgeken.
- Waarnemings oor normale en abnormale gedrag word aan die opsiener gerapporteer.

2. Ken die libido van die manlike teeldiere uit waar dit nodig is:

- Die manlike diere moet op die regte manier benader word volgens die bepaalde riglyne.
- Tekens van libido word uitgeken en omskryf by die manlike dier.
- Tekens van enige abnormale gedrag by die manlike dier word uitgeken.
- Waarnemings van normale en abnormale gedrag word aan die opsiener aangemeld.

3. Herken die tekens wat met geboorte gepaardgaan by vroulike teeldiere:

- Die teeldiere moet op die regte manier benader word volgens die bepaalde riglyne.
- Tekens van geboorte word uitgeken en beskryf by ‘n groep vroulike teeldiere.
- Diere wat waargeneem word wat naby kalwing is, word uitgeken en aangeteken.
- Waarnemings oor kalwings word aangemeld aan die opsiener.

4. Identifiseer abnormale gedrag by teeldiere gedurende die geboorteproses:

- Die normale geboorteproses by teeldiere word verduidelik.
- Geboorteprobleme word uitgeken en die vlak van bystand met sulke probleme word korrek uitgewys.
- Die algemene gesondheid, omgewing, voeding en reproduktiewe prestasie van die groep word dopgehou.
- Tekens van enige abnormale gedrag tydens die geboorteproses word uitgeken en aangemeld.
- Waarnemings van normale en abnormale gedrag word aangemeld by die opsiener.

5. Waarneem en dophou van na-geboortegedrag by teeldiere:

- Die gedrag van die pasgebore nuweling moet uitgeken en verduidelik word.
- Gedrag van die pasgebore nuweling moet dopgehou word en die vlak van hulpverlening moet bepaal word.
- Tekens van abnormale gedrag moet uitgeken word by die vroulike diere en die nuwelinge.
- Waarnemings van normale and abnormale gedrag word aangemeld by die opsiener.

Noodsaaklike Ingeboude Kennis:

Die persoon is in staat om basiese kennis te toon van:

- Basiese beginsels van reproduksie en kalwings by plaasdiere.
- Anatomie and fisiologie van reproduksie.
- Waarnemings van reproduksie en kalwings by plaasdiere.
- Basiese boerderypraktyke.
- Kommunikasie en geletterdheid.
- Die doel van reproduksie en kalwings
- Korrekte prosedures wat gevolg moet word tydens reproduksie en kalwings
- Die gevolge van reproduksie- en kalwing probleme op die toestand van die dier en haar nageslag.
- Prosedures en praktyke op die plaas.

<u>Toepas van basiese kunsmatige inseminasiepraktyke (US 116215)</u>

1. Pas basiese kunsmatige inseminasiepraktyke op diere toe:

- Die vermoë om die onderskeie instrumente en toerusting vir kunsmatige inseminasie te demonstreer.
- Die vermoë om diere uit te wys wat ontvanklik is vir kunsmatige inseminasie, word gedemonstreer.

- Die vermoë om toepaslike diere voor te berei vir kunsmatige inseminasieprosedures volgens die voorgeskrewe riglyne, word gedemonstreer.
- Die vermoë om semen te versamel en te bewaar volgens die voorgeskrewe riglyne, word gedemonstreer.
- Die toepassing van korrekte prosedures om semen toe te dien aan ontvanklike ontvangerdiere, word gedemonstreer.
- Die vermoë om prosedurepraktyke na kunsmatige inseminasie (bv. opvolgbehandeling) toe te pas, word gedemonstreer.

Noodsaaklike Ingeboude Kennis:
Die persoon besit die vermoë om basiese kennis te demonstreer van:
- Dierefisiologie en -anatomie.
- Teelbeginsels.
- Teelpraktyke.
- Higiëne.
- Rekordhouding.